SSK
SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

***SSK**, 'n gevestigde en gediversifiseerde landbou- onderneming, met sy hoofkantoor in Swellendam, beskik tans oor die volgende uitdagende loopbaangeleentheid binne hul Handelsafdeling.*

LEERLING TAKBESTUURDERS: HANDEL

Die suksesvolle kandidate, wat direk aan die Senior Bestuurder: Handel rapporteer, sal opleiding en blootstelling aan al die dissiplines van Handelstakbestuur ontvang wat o.a. Begrotingsbestuur, Aankope- en Voorraadbestuur, Bemarking en Klantesorg, Mensebestuur asook Algemene administrasie insluit. Kennis en ondervinding van SSK se Handelsprodukte sal as aanbeveling dien.

Die ideale kandidaat sal oor 'n Graad 12 en toepaslike tersiêre kwalifikasie en/of bewys van Opleiding beskik. Toepaslike ervaring met 'n algemene bemarkingsgeoriënteerde benadering, goeie beplanning- en onderhandelingsvernuf, interpersoonlike- en kommunikasievaardighede asook rekenaarvaardigheid (MS Office Pakket en SAP) met 'n Geldige kode EB (Kode 8) bestuurslisensie is verdere vereistes.

Die suksesvolle kandidate sal tydens die duur van opleiding in George en/of Mosselbaai gesetel wees, maar moet bereid wees om na enige van die takke in die SSK bedieningsgebied verplaas te word. **Hierdie vereiste is nie onderhandelbaar nie.**

Rig u aansoek met 'n dekbrief en bondige CV met vermelding van verwagte vergoeding en 'n kontaknommer, asook ten minste drie kontakbare referente aan: Die Menslike Hulpbronbestuurder, Posbus 12, Swellendam, 6740, om ons te bereik nie later as 14 Julie 2017. U kan dit ook faks na (028) 514 8656 vir aandag Mnr A Burger of e-pos aan: alwyn.burger@ssk.co.za.

Neem kennis dat, indien u geen terugvoering van die adverteerder binne een maand na sluitingsdatum ontvang het nie, u kan aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. SSK is 'n gelyke geleenheid werkgewer.

Agri Land